

SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

§24. Weëns die sterk analytiese karakter van Afrikaans ondergaan die snw. geen vormverandering om die verskillende verhoudinge uit te druk wat hij in die sinsverband teenoor ander woorde kan inneem nie. 1) Ook die lidwoorde en vnw. wat meestal die snw. vergesel ken geen wijsiging dienaangaande nie. Waar in Duits en vroeër Nederlands sodanige wijsiging plaasvind (*die Kraft des Mannes, de kracht des mans, de golven der zee*), gebruik ons alleen hulpwoordjies, hoofsaaklik voors. en vnw. b.v. : *die krag van die man of die man se krag, die golwe van die see of die see se golwe* (vgl. V.H.S. *de man z'n kracht, de golven van de zee*).

In *die moeder gee vir haar dogtertjie 'n soen; Piet vertel vir sijn pa die hele storie, is dogtertjie, pa* die bevoordeelde persone omdat die werking wat deur moeder en Piet verrig word aan eersgenoemde ten goede kom. Hulle antwoord op die vraag : aan wie word iets gegee, vertel? Die grammatiese betekenis van *dogtertjie, pa* is iets anders als die van *soen, storie* wat antwoord op die vrae : wat gee die moeder? wat vertel Piet? In 'n heel ander verhouding staan weer *moeder, Piet* als handelende persone. Tog blij die snw. onveranderd. En daarom juis bestaan daar geen grond vir die gebruik van die woord *naamval* in Afrikaans nie, want *naamval* wat 'n vertaling is van Latijn *casus* d.i. val, verbuiging (van die woord), kan nie voorkom in 'n taal waarin die naamwoorde ten opsigte van hulle betekenis in die sinsverband geen verandering ondergaan nie. 2) Bij die vnw. het ons natuurlik te doen met aparte woorde.

1) Dit is duidelik dat meervoudsvorming hier uitgesluit is, want 'n meervoudige sowel als 'n enkelvoudige snw. kan elke moontlike verhouding in die sin inneem.

2) *Naamval* het ingekom in die Ndl. grammatika onder invloed van die klassieke terminologie. In 'n vroeër tydperk van Nederlands het dit wel enige reg van bestaan gehad, maar vandag ook nie meer nie.

Bij die onderwijs van Afrikaans kan ons ons eie pad gaan. Laat ons dit so inrig dat die kind se natuurlike taalvermoë gelei en ontwikkel word sonder om hom vas te keten met skoolmeesterlike spitsvondighede en terme. Deur ons onderwijs te ontlast van die gesukkel met naamvalle, sou die kind 'n groot diens bewijs word.

Die snw. kan die funksie van onderwerp of voorwerp beklee: *Jan is groot. Piet het sijn perd verkoop. Sijn buurman gee £20 vir die herd. Die onderwyser het vir elke kind 'n nuwe boek gegee.* In hierdie sinne is *Jan, Piet, buurman, onderwyser* die onderwerp, hulle staan dus in *onderwerp-verhouding*. Daarenteë staan *perd, kind, boek* in 'n ander verhouding wat ons in die vervolgvolg die *voorwerp-verhouding* sal noem.

Om die *onderwerp-verhouding* uit te druk is die snw. alleen voldoende, sonder enige hulpwoord. Die posiesie in die sin bepaal sijn betekenis.

Die *voorwerp-verhouding* word uitgedruk met bepaalde hulpwoorde of sonder hulle deur posiesie, b.v.: *Jan slaan vir Piet. Het Jan vir Piet geslaan? Hulle bouw 'n huis. Hij het sijn vader 'n onvriendelike antwoord gegee. Die opbrengs is bedoel vir die sending en vir Hollandse en Afrikaanse boeke vir ons kinders. Ek gaan na die stad. Die moeder gaan haar kind tegemoet. Dit is teen mijn sin. Ek is in mijn skik. Die kèrel kom vandag sijn moes teë. Dit is sonder die dokter se toestemming.*

O p m. In *hij het sijn vader 'n onvriendelike antwoord gegee* staan *antwoord* in direkte voorwerp-verhouding en *vader* in 'n indirekte. Die eerste geval word gewoonlik sonder 'n hulpwoord uitgedruk behalwe bij persone wat dikwels als lijdende voorwerp vir krij 1): *Die offisier het vir Jan beledig. Ek sal vir Baas gaan aangee.*

Nou kom die vraag, hoe gemaak met die aanduiding van die besitter of ander genitief-begrippe? Hier is wel 'n moeilikheid wat egter nie onoorkoomlik is nie, want die groep van woorde waartussen die betrekking van besit of verwantskap, ens. bestaan, kan òf in onderwerp-òf in voorwerp-verhouding voorkom. In die sin *Jan se buurman het 'n perd verkoop* is *Jan se buurman* als geheel feitelik in onderwerp-verhouding; daarenteë in *dit is sonder die dokter se toestemming* is *dokter se toestemming* in voorwerp-verhouding als geheel. Op die manier

1) Kijk §76.

sou die voorgestelde terme vir alle moontlike gevalle kan diens doen.

(1) Die besitter word aangedui deur *se*, *haar* tussen besitter en besitting, *siyne*, *hare* na besitter te plaas 1) : *Pa se huis. Ma haar (se) klere. Die kinders se speelgoed. Dis Ma hare. Dis Jan siyne.*

In die meervoud kom minder algemeen voor *hul* bij persone : *die vrouwens hul werk.*

O p m. Dit is sonder tye moeilik om te bepaal of *se* besitter aandui en dus apart moet geskrywe word, en of dit als verboë uitgang van *ba*w. op -s moet opgevat word, vgl. *vanmelewese dae; ontijdse mense; slawetijd se dae; op Maandag se vergadering; ncc, dit was nie Dinsdag nie, ek bedoel die Maandagse leesklas; in Bloemfontein se distrik; 'n Kaapstadse gewoonte; die Pretoriase lede.*

(2) Die besitter word aangedui deur *van* tussen besitter en besitting te plaas : *die tak van die boom; die deur van die huis.*

(3) Ander genitief-betrekkinge word uitgedruk deur *van* of sonder enige hulpwoord : *'n skaar van mense; 'n glas water.*

VASTE UITDRUKKINGE.

§25. Soos ons gesien het, ken Afrikaans geen grammatiese geslag en naamvalsonderskeiding nie. Maar daar is tog bewaar gebly 'n aantal erstukkies in die vorm van geijkte of vaste uitdrukkinge wat ons aan 'n tyd herinner toen woorde nog verbuig werd volgens sekere grammatiese kategorieë. Heelwat van die uitdrukkinge is onder invloed van die boek en opvoeding in jonger tyd eers in ons spreektaal oorgegaan, terwyl Bijbel en kansel weer ander vas laat wortel het. Bij die *oer* geslag speel die Bijbelse wendinge 'n aanmerklike rol.

Onder hierdie rubriek val, streng genome, samestellinge met -s wat oorspronklik hul ontstaan dank aan geslags- en naamvalsonderskeiding : *molshoob, miershoob, moedswillig.* ens. Die grote gros van hierdie soort egter is analogiese vorming. Maar dit is nie wat bedoel word met vaste uitdr. nie. Voorbeelde daarvan sse die volgen-

1) Vgl. §§88, 89.

de lijs: *ternouwerwood, ter dood (veroordeel), ter harte (neem), terselfdertijd, ter elfder ure, ter goeder trouw, ter sbrake, terwille van, terdeë, verder ter in 'n menigte analogiese uitdr. soos ter besbreking, ter verkriecing, ter behandeling, ens; verder middernag, mettertijd, in die der dae, abbelderliefde, bijderhınd, allerlei, ollerhande, allereers, velerlei, allermees, allermıns, gebiedenderwijs, vergelijkenderwijs, dergelijke; smórens, soggends, saands, smiddags, snacs, goedsmoeds, eersdaags, destijds, enigssins, anderssins; ten opsigte van, ten behoewe van, ten aansien van, ten dele, ten gevolge van, ten voordele van, ten minste, ten eerste, ten tweede, eerstens, tweedens, grotendeels, mijns insiens, in gemoede, in gebreke (blij), desgelijks, desnoods, kind des doods, stem des roepende, beginsel der smarte, steen des aanstoots, brood der smarte, sweet des aanskijns, engel des ligs, kwelling des geestes.*

MEERVOUDSVORMING.

§26. Als algemene beginsel bij die Afr. meervoudsvorming geld: *woorde met die hooftoon op die laaste lettergreep neem -e, woorde met onbeklemtoonde eindlettergreep neem -s.* 1) Dit sluit in dat woorde met een lettergreep -e neem. Voorb.: *banke, pote, dae, wolwe, verbande, lemoene, manelle, bandiete, frikedelle, tafels, lepels, bedelaars, ministeries, kommando's.*

Trots hierdie reël wat die groot meerderheid van snw. omvat is daar heelwat gevalle wat 'n afsonderlike behandeling vereis.

Op m. Woorde op -lm, -rm is inderdaad tweelettergrepige en krij gevolgelik -s: *skelms, halms, swerms, skerms.* Die mv. van *ambtenaar* is *ambtenaars* of *ambtenare*.

§27. Daar is 'n aantal eenlettergrepige woorde met mv. op -s o.a. verwantskapsname wat waarskijnlik beïnvloed is deur tweelettergrepige van dieselfde groep: *ooms, neefs, pa's, ma's, mans* (ter onderskeiding van *vrouw*), *broers* (uit *broeders*). Verder is te noem: *maais*

1) Hierdie grondreël is mij meegedeel deur Prof. J. J. Smith, maar dit staan ook, *mutatis mutandis* op Ndl. toegepas; in Van Oostrum's *Hollandse spraakkunst*.

(naas *maters*), *saals* (uit *sadels*), *spreeuws*, *leeuws*, *ge-weers* (naas *gewere*), *roers*.

§28. Vreemde en verafrikaanste woorde met hooftoon op eindlettergreep het dikwels twee meervoudsvormen: *majoors* of *majore*, *koepons* of *koeponnē*, *hotels* of *hotelle*, *offisiere* of *offisiere*, *kassiers* of *kassiere*, *krediteurs* of *krediteure*, *ingenieurs* of *ingenieure*, ens.

Dikwels het hulle net -s: *generaals*, *luitenants*, *kolonels*, *kapteins*, *ambassadeurs*, *akteurs*.

Sommige woorde op onbeklemtoude -or neem -s, ander -s en -e: *prospektors*; *professors* of *professore*.

Woorde op -aris kan natuurlik net -e neem: *notaris*, *sekretaris*.

§29. Die abstrakte snw. wat gevorm word van ww. met die agtervoegsel -ing het als reël twee meervoudsvormen: *handeling* of *handelings*, *bewerking* of *bewerkings*, *vergadering* of *vergaderings*, ens. Bij baie woorde voel 'n mens duidelik die e-meervoud als die geleerde vorm. Hoe geleerder die woord d.i. hoe meer gebruikelik als boekwoord, hoe gewoner die e-meervoud. Daarentē kom net s voor in 'n paar woorde met meer spesiaal Afrikaanse betekenis: *aanstellings*, *verbeeldings* (albei in die betekenis *hybokondrie*), mischien ook *aanmanings*. *Aanstelling* kan alleen gebruik word in verband met benoeming tot 'n betrekking, terwyl *verbeelding* alleen als geleerde vakterm kan diens doen. Die keuse van die een of ander vorm hang baie af van die individuele spreker of skrywer. Bij die skrywe is die neiging tot gebruik van -e aanwesig. Hoe minder 'n skrywer egter onder Nederlandse invloed staan, hoe minder hij -e sal gebruik. Dit sou nie van belang ontbloot wees om uit te vind nie of daar gedeeltes is van die taalgebied waarin aan -s of -e die voorkeur gegee word, ook of daar gevalle is waar die e-vorm sijn ontstaan dank aan sterker bijtoon op -ing en dus onafhankelik is van geleerde invloed. Sommige ingwoorde het uiteraard geen meervoud nie: *bewaking*, *bekskerming*, *behandeling*, *erkenning*, *opleiding*, ens.

Woorde op -ling.

§30. Woorde op -ling, -eling is die name van persone) en neem 'n e-meervoud behalwe enkele uitsonde-

1) 'n Uitsondering is *krakeling*.

ringe : *ouderlings* (naas *ouderlinge*) weëns die veel voorkomende samehang : *ouderlings en diakens*; verder ook *sendelings* (naas *sendelinge*). Die *e*-meervoud is te verklaar uit die feit dat hulle meestal boekwoorde is of uitdr. wat in ontwikkelde kringe voorkom. Voorb. : *ellendelinge, enkelinge, volgelinge, eersteling, nuwelinge, vreemdelinge, kleurlinge, swakkeling, bannelinge, ballinge, boeteling, skibbreukeling, leerlinge, kwekelinge, jongelinge, sterfelinge, lieflinge, howelinge, hemelinge, beskermelinge, wêreldlinge, vlugteling, drenkelinge.*

Meervoudsvorming van gesubstantiveerde deelwoorde en bijvoeglike naamwoorde.

§31. Bedoel word woorde soos *letterkundige, beskuldigde, geleerde, bekende*, ens. Sodanige woorde krij in Nederlands *n* in die mv. wat in Afr. onmoontlik is. Al wat vir ons oorblij is om *s* te gebruik waar die samehang nie duidelik die getal laat blijk nie. In : *elke distrik het twee afgevaardigde na die kongres gestuur; die afgevaardigde het hulle saak goed voorgedra*, is dit oorbodig om *s* bij te voeg, hoewel sommige dit sal doen. Maar daar kan gevalle wees waar die meervoud-aanduiding noodsaaklik word b.v. : *hoe sal die regsgeleerde dit uittê?* Die spreker sal wel weet wat hij bedoel, maar die hoorder weet nie of hij aan een of meer persone moet dink nie. Onnodig sou *s* in die volgende sin wees : „So het die Renaissance die mense leer insien dat die mense van die oudheid glad nie van ons afgestoot moet word nie als minderwaardige.” Daar is vandag 'n neiging om *s* soveel moontlik te skrijwe. Noodsaaklik is *s*-meervoud ten minste daar waar die samehang nie duidelik die getal uitwijs nie. Daar is egter woorde wat altijd onveranderd blij (sommige daarvan kom alleen in die mv. voor), b.v. : *nabestaande, naasbestaande, ingesetene, bloedverwante, melaatse, dode en gewonde, eersgeborene, gevangene.*

§32. Ander woorde op **e* neem gewoonlik *-s*: *klagtes, gedagtes, modes, bijdraes, uitgawes* (afleweringe), *voorwaardes, beloftes; bodes*. Selfstandig gebruikte bnw. vergeseld van *die* (lidwoord) neem *-s*: *die rooies, die oues*. *Bijdrae* als mv. is nie seldsaam nie, maar teenswoordig neig die skrijftradisie tot *bijdraes*.

Uitgawes in die betekenis *afleweringe* is aan te be-

veel weëns moontlike verwarring tussen enkv. en mv. Onder hierdie rubriek val 'n groot aantal woorde wat vandag onvas is ten opsigte van die mv. En dit is begripelik bij geleerde woorde wat eers teenswoordig gangbaar word; dus *frase* of *frases*, *segswijse* of *segswijses*, ens. Vergelyk die sin: „En mijn verstand staat gereed om die beroep te beantwoord met skool-geleerde frase in 'n vreemde medium.” *Frase* is duidelik mv., terwijl sommige skrywers hier *frases* sou verkies. Maar hierdie normalisering ten gunste van *-s* moet nie blind toegepas word nie. *Getuie* b.v. is algemeen sonder *-s* in die mv. vgl. *daar was twintig getuie in die saak*, *'n wolk van getuie*. Wie in dergelike gevalle *-s* gaan aanvoeg sondig teen die taalgebruik.

§33. 'n Aantal woorde op *-f*, *-g*, *-s*, *-b* vorm die mv. met aanvoeging van *-te*: *drif-te*, *nag-te*, *nes-te*, *bors-te*, *amb-te*. Vorme wat onder invloed hiervan ontstaan is soos *klaste*, *leste*, *boste*, ens. en waarnaas *klasse*, *lesse*, *bosse*, ens. bestaan als die erkende vorme in die skryftaal, is af te keur. Daarenteë word *lies* — *lieste* behou omdat dit die gebruikelike uitspraak weergee.

O p m. Enige woorde op *-g* neem *-de*: *deug-de*, *maag-de*. Die mv. van *hemp* is *hemde*.

§34. Eiename krij *-s* in die mv. behalwe waar die woord op *-s* uitgaan, dan *-e*: *die Piets*, *die Jans*, *die van der Merwes*, *die Hofmeyrs*, *die Swartse*, Bij uitgang op 'n klinker is die afkappingsteken gewens: *die Hugo's*, *die Cillie's*.

'n Enigssins plat manier van meervoud-aanduiding is met toevoeging van *hulle* of *hul*: *die Liebenbergs hulle*, *Jan hulle*.

§35. Heelwat woorde het twee of meer vorme in die mv.: *koei* — *koeie*, *koetens*; *vark* — *varke*, *varkens*; *miet* of *mied* — *miete*, *miede*, *miedens*; *bed* — *bedde*, *beddens*; *vrouw* — *vrouwe*, *vrouwens*, ens.

§36. Opmerking verdien dubbele meervoudsvorme met verskil van betekenis:

maat — *maats* of *maters* (makers), *mate* (van meet).

saal — *saals* (om mee te rij), *sale* (vertrekke).

vorm — *vorms* (om in te vul; instrumente), *forme* (litteraire —).

skof — *skowwe* (van 'n bees), *skofte* (werktijd, trek-tijd: ons het vandag net twee skofte gerij).

letter — *letters* (van die alfabet), *lettere* (Nederlandse —).

bad — *baie* (warm bronne), *badde* of *baddens* of *batte* (om in te was).

rug — *rugte* (liggaamsdeel), *rúens* (heuwels).

§37. Onreëlmattige meervoudsvorme het ons in *wese* — *wesens*, *lewe* — *lewens*, *gevoele* — *gevoelens*; *leerrede* — *leerredene*; *stad* — *stede*, *lid* — *lede*, *gebed* — *gebede*, *skip* — *skepe*; *waarheid* — *waarhede*; *kalf* — *kalwers*, *lam* — *lammers*, *kind* — *kinders*; *gemoed* — *gemoedere*, *lied* — *liedere*, *gelid* — *geledere*, *goed* — *goedere*, *volk* — *volkere* (geleerd, naas *volke*); *pad* — *paaië*, *gebod* — *gebooië*, ens.

§38. Sommige woorde met enkelvoudvorm het 'n meervoudige begrip: *tien jaar*; *vijf uur te berd*; *drie pond suiker*; *ses tree ver*; *sewe voet drie duim hoog*; *twee paar esels*, ens.

O p m. Die heel gebruiklike *skaap*, *bees* vir *skape*, *beeste* is af te keur.

§39. Heelwat woorde het 'n geleende mv.: *genot* — *genietinge*, *doel* — *doeleindes*, ens. Ander het geen mv. nie: *vrees*, *gal*, *dors*, *hoogmoed*, *blijdskaap*, *liefde*, *krediet*, *koors*, *drabok*, ens.

Sommige woorde word net uitsonderingswijse in die mv. gebruik: *konfijt*, *rente*, *sand*.

§40. Heelwat woorde bestaan net in die mv.; sommige daarvan dui eintlik 'n versameling aan. Ander weer soos b.v. name van blomme (*kalkoentjies*) kan wel in enkv. gebruik word, maar kom hoofsaaklik in die mv. voor:

hartklobbings, *hoofbrekings*, *hurke*, *harsings*, *narsings*, *medisijne*, *koste*, *onkoste*, *ware*, *hartens*, *ruitens*, *skoppens*, *klawers*, *aanstellings*, *pampoentjies*, *masels*, *pokkies*, *dokkies*, *kaings*, *pluiens*, *toiens*, *kruie*, *komplimente*, *groete*, *sewejaartjies*, *kalkoentjies*, *pijpies*, *ka-*

nette, turksvije, varre, trekkings, stuipe, toebehoorsels, riesies, voorouers, voorvaders, vadere, wintervoete, winterhande, sinkings, kaparrings, notule, Klassieke, lopers, maaiers, moleste, klere, klontjies (lekkers), lekkers, mossels, krielwelkrappers, kwaavrinde, lettere, lewensmiddele, doodsbeendere, fratse, ingewande, semels, ens.

BIJVOEGLIKE NAAMWOORD.

§41. Wanneer die bnw. attributief gebruik word d.w.s. wanneer dit direk voor 'n snw. staan, krij dit somtijds 'n *e* en somtijds blij dit onveranderd, b.v. 'n *groot berg*; 'n *sterk berd*; 'n *gladde vloer*; 'n *gawe kêrel*; *verstandige raad*; *donker dae*.

Wanneer predikatief gebruik is dit altijd onverboë, b.v. *die berg is groot*; *die vloer is glad*; *ek vind die raad verstandig*.

Wanneer die snw. verswigg is maar veronderstel word, of waar die bnw. selfstandig staan, krij die bnw. altijd 'n *e*, b.v.: *Jan het sijn twee koeie verkoop*; *die rooibonte het £20 gegaan maar die swarte net £15*. *Die arme is hul ellende*. 1)

Die enigste moeilikheid vir die beoefenaar van die taal vloeï dus voort uit die attributiewe gebruik van die bnw. En dit is dikwels lastig om te beslis of daar 'n *e* moet staan of nie. Hier het ons een van die punte in die Afrikaanse grammatika wat nie alleen vir vreemdelinge nie maar ook vir Afrikaners hoofbrekings gee; en daarom is in ons skryftradisie meer gesondig teen die korrekte gebruik van die bnw. als teen enige ander reël. Ja, 'n mens sou selfs kan sê: in ons skryftradisie is dit tradisie om die bnw. verkeerd te gebruik. Als ons praat, als dit onbewus uitvloei, is alles in die haak; skrijwe ons, dan werk die invloed van die Nederlandse verboë vorme so sterk in, dat ons foute maak.

Bij die „Patriot”-beweging het dit al begin, en vinnig ook. Vir die eerste beoefenaars van Afrikaans was die taak oneindig moeiliker trots hul leus: *skrijwe soos jij praat*. Die Nederlandskundige onder hulle het nooit heeltemaal losgekóm van die vreemde invloed nie terwyl die ander natuurlik hul voorbeeld nagevolg het. Iedereen kan hom hiervan oortuig deur „Ons Klijntji”-nommers en

1) Die eintlike neiging van Afrikaans is om te sê *die rijk mense*, *die arm mense*, hoewel die selfstandige gebruik van die bnw. sterk toeneem.

ander geskifte uit die vorige tydperk deur te blaai. Twee toevallig gekose bladsije, nl. O.K. IV, 148 en 175, laat die volgende foute sien wat op 'n paar na onder al die daar voorkomende gevalle die enigste bnw. is wat 'n Afrikaner verkeerd kan skrywe: 'n *grote dan*; 'n *grote kale vlakke*; 'n *lange tyd*; die *klijne „asteroids”*; *grote berge*; *donkere plekke* (tweemaal). Hier volg nog 'n paar gevalle uit „Sewe Duiwels” van Cachet: 'n *dwarse antwoord* (bl. 134); 'n *dogter van rijke ouders* (bl. 135); danspartije is ook maar net *dure dinge* (bl. 141); *witte arms* (bl. 150); die *jonge klomp* (tweemaal), maar ook daarnaas korrek die *jong klomp* bl. 184.

Die Nuwe Beweging het in die begin ook niks suiwerder gewerk als die manne van die eerste tydperk nie. Dit kan 'n mens bewijs uit die werk van ons beste skrywers. Eers in die laaste jare na veel studie en bewuste strewe, kan 'n mens 'n groot verbetering opmerk. Dit gaan hand aan hand met 'n toenemende hoogskatting van ons taal wat dan op sijn beurt met jaloerse nougesetheid 'n so suiwer moontlike gebruik eis. Die „Brandwag”-artikels vergelyk vandag pragtig met dié van vroeër jaargange. Tog word daar nog gedurig foute gemaak, selfs daar waar jii dit nie sou soek nie. In een van vanjaar se „Brandwag”-nommers kom voor: op *stoffelik* sowel als *geestelik* gebied; 'n *wakend oog*; ons *nasionaal* bestaan. Tiesiese foute soos die volgende kom elke dag voor in Afrikaanse geskifte: 'n saak van *publiek* belang, om *stoffelik* voordeel, 'n *blijwend besit*, 'n *duidelik* bewijs, op *letterkundig* gebied, *huiselik* leed, ens.

Du Toit beweer „Afrikaansche Studies” dat die gebruik van die attributiewe bnw. nie onder reëls te bring is nie.

Daarenteë beweer le Roux „Beschrijvende klankleer van het Afrikaans” dat daar wel reëls kan opgestel word.

§42. Bij 'n studie van die gebruik blijk dat in 'n aantal gevalle 'n mate van onvastheid heers, maar dat die grote gros van bnw. bepaalbaar is ten opsigte van die buigings-e.

Hier volg 'n paar formuleringe:

(1) Stoffelike bnw. verbuig nie b.v.: 'n *silwer oorlosie*; 'n *koper ketting*; 'n *sij tabberd*; 'n *ferweel broek*. Daar sodanige woorde eintlik stofname is met kwalifiserende funksie is daar 'n neiging om hulle aaneen te skrywe met die volgende snw. wanneer die twee begrippe als

'n eenheid gevoel word, b.v. : *papierhoed, waspop, rietdak, strooihoed*. Die aancenskrywe word bevorder deur die omstandigheid dat hulle nie verbuig nie.

O p m. *Goue* is 'n skijnbare uitsondering, want die woord bestaan alleen als sulks in Afrikaans, b.v. 'n *goue* ketting, maar die ketting is *van goud*. Dieselfde geld van *gulde* wat alleen oordragtelik voorkom, b.v. 'n *gulde* geleentheid; 'n *gulde* kans.

Eenlettergeregige bnw.

(2) Eenlettergeregige bnw. op *d, g, f* word verbuig. Die wat op klinkers of ander medeklinkers uitgaan blij onveranderd, b.v.

op *d*: 'n *milde* reën; 'n *harde* taak; 'n *wilde* wêreld; 'n *vreemde* land; 'n *ronde* inkpot; 'n *breë* sloot (van breed); 'n *wiye* muur; 'n *gladde* vloer; 'n *goeie* les; die *koue* grond (ook *kou* grond);

op *g*: 'n *slegte* huis; 'n *sagte* bed; 'n *digte* bos; 'n *ligte* vrag; 'n *droë* dam (van droog); 'n *leë* kerk; 'n *lae* dak; 'n *hoë* boom;

op *f*: 'n *dowwe* klank (van dof); 'n *dowe* vent; 'n *droewe* gebeurtenis; 'n *grwe* kêrel; 'n *halwe* maatreël; 'n *brawe* man; 'n *lawwe* storie; 'n *muwwe* ruik; *grwwe* werk maar *grofbrood*; 'n *liewe* kind; 'n *safte* perske (daarnaas ook minder gewoon *sawwer*);

op *ander medeklinkers*: 'n *skerp* stok; 'n *sterk* touw; 'n *los* paal; 'n *vet* os; 'n *suur* appel; 'n *lang* stoep; 'n *kort* stok; 'n *bont* koei; 'n *lam* arm; 'n *kaal* vlakke; 'n *dun* lat;

op *klinkers*: 'n *lui* os; 'n *mooi* vrouw; 'n *taai* dier; 'n *blouw* klip.

O p m. 1. Die verboë vorm van *goed* is *goeie*, maar in samestellinge verskijn meer als een vorm, b.v. *goeimôre, goeinag, goeinaand, goeiendag, goeienag*. Die verboë vorm van *dood* in die letterlike betekenis is *dooi* wat uit *dooie* met wegval van *e* ontstaan is, moonlik onder invloed van *rooi, mooi* wat in die reël nie verbuig nie, b.v. 'n *dooi* liggaam. In die gewijsigde betekenis van traag, langsaam kom *dooie* naas *dooi* voor bv. 'n *dooi vent* of 'n *dooie vent*.

Ou, kou is saamgetrokke uit *oue, koue*. In die gewone taal is *ou* onverboë en word dikwels aaneenskrywe met die volgende snw. b.v. 'n *ou* pad; die *ou* geslag; *oujong*; *oubaas*.

Dieselfde is tot op sekere hoogte waar van *kou* b.v. *kouwater* maar ook 'n *koue* wind, 'n *koue* klimaat, *koue* kompresse.

Naak, *naakte* is alleen skijnbaar 'n uitsondering. Die eind-toes volgens ons klankwette na *k* verlore gaan en bewaard bly in die verboë vorm. *Naak* hoort oorspronkelyk by die bnw. wat op *d* uitgaan, vgl. Engl. *naked*, Afr. *nakend*.

Op m. 2. Die *g* van *hoog*, *laag* ens. is verskillend in oorsprong van die *g* van *sag*, *lig* ens.; vandaar die onderskeid *hoë*, *lae* maar *sagte*, *ligte*. *Moeg* hoewel in die reël predikatief gebruik, kom ook attributief en onverboë voor b.v. met mijn *moeg* lijf. *Ruig* verskijn attributief als *ruig* ('n *ruig* wêreld), *ruige* (met *g* uitgespreek soos Eng. *g* in *go* veral in die Vrijstaat) en *ruie* (bekend in Transvaal).

Op m. 3. Uitsonderinge vorm 'n paar bnw. op *s*: *vas*, *vaste*; *juis*, *juiste*; *woes*, *woeste* (met klankwettige *-te*, vgl. *dig*, *digte*; dus nie op een lijn met *los*, *bros* nie). Verder *flukse*, *snaakse*. Onvas is *vals*. In eg Afrikaanse uitdrukkinge kom *vals* voor b.v. 'n *valsboom* (van 'n trapbalië), *vals gate*; daarenteë 'n *valse eed*; 'n *valse profet*; 'n *valse handtekening*; 'n *valse bewijs*; 'n *valse alarm*; 'n *valse gesig*. Dis nie uitgeslote dat ritme hier 'n rol speel nie. *Dwaas* word graag verbuig.

Op m. 4. 'n Paar bnw. op *-r* word in die reël verbuig b.v. *pure bog*; 'n *pure man*; 'n *ware gebeurtenis*; die *ware Jakob*; 'n *nare gedagte*. *Dor* is onvas: 'n *dor(re)* wêreld maar *dorre* aarde. Daarenteë 'n *suur appelkoos*; 'n *seer keel* ens.

Op m. 5. *Heel*, *elk* word gewoonlik verbuig b.v. 'n *hele* boel; 'n *hele* geskiedenis; die *hele dag*; 'n *hele* aardigheid (dus selfs voor 'n lang kiinker); *elke* keer; *elke* mens. Onverboë kom *heel* voor in *heeldag*, *heelpartij* waar die twee woorde tot 'n eenheid saamgesmelt is. In *elk geval* wat so gewoon is in die Afrikaanse mond is 'n geijkte uitdrukking. *Een* in selfstandige gebruik kom voor met of sonder *e* b.v. *hierdie een* of *hierdie ene*. *Ene* staan altyd in bijvoeglike gebruik met die betekenis 'n *sekere* b.v.: „op 'n goeie dag kom ons uit op die plaas van *ene* Gideon Gijs”... *Nuwe* is die verboë vorm van *nuwt*. *Ganse*, *alle* kom alleen verboë voor, terwyl die gebruik van *ruw*, *sluw* onvas is. *Vol* is meestal onverboë: 'n *vol beker*; 'n *vol dam*; maar *vollemaan* naas *volmaan*; met *volle* vertrouwe.

Op m. 6. Bnw. op *-rm*, *-lm* soos *arm*, *skelm* wat inderdaad tweelettergrepig is word onder Reël 4 behandel.

Op m. 7. Saamgestelde bnw. word behandel volgens die gebruik van die laaste deel: 'n *rooibont koei*; 'n *Ugroot rok*.

Opm. 8. Bijwoorde als bnw. gebruik blij onveranderd : 'n af been; 'n toe deur. Vgl. *bodeur, Boland, onderdeur*.

(3) Eenletteregrepige bnw. op -s afgelei van snw. word verbuig : *Joodse, Griekse, Roomse, Finse, Duitse, Skotse, Ierse, Franse, Zeeuwse, Leidse, Gentse, Britse, Kaapse, Poolse, Slamse, aardse, kerkse, helse, doods,* ens.

Twee- en meerletteregrepige bnw.

(4) Die groot meerderheid van bnw. onder hierdie groep verbuig b.v. : 'n *lelike* uitdrukking; 'n *gelukkige* huisgesin; 'n *dankbare* siel; 'n *uitgestrekte* hand; 'n *bevooroordeelde* mens; *intellektuele* belange. Verboë verskijn o.a. :

(1) die bnw. in oortreffende trap b.v. die *hoogste* berg; die *belangrijkste* saak; die *grootste* moeilikheid;

(2) die deelwoorde als bnw. gebruik, b.v. 'n *werkende* lid; 'n *ingenome* standpunt; 'n *verborgte* skat; 'n *bijkomende* omstandigheid; *metgebroke* stem; 'n *uitgedroogde* pan; 'n *bewerkte* land; *uitgesoekte* vrugte.

Onverboë blij die bnw. wat op -er, -el, -rm, -lm uitgaan. Hieronder val al die bnw. in die vergrotende trap. Voorb. : 'n *groter* huis; die *laer* skool; 'n *hoër* begrip; 'n *heerliker* genot; 'n *suiwer* standpunt; 'n *donker* wolk; *helder* water; *dabber* helde; 'n *jammer* hart; 'n *skrande* man; 'n *bitter* smaak; 'n *besonder* werk; *edel* manne; 'n *edel* opvatting; 'n *vermetel* vent; 'n *simpel* storie; *dubbel* werk; 'n *skelm* gesig; 'n *arm* man; *warm* water.

O p m. 1. *Seker* krij gewoonlik -e b.v. *sekere* mense; *sekere* dinge; 'n *sekere* Liebenberg, maar 'n *seker* iets. Altijd sonder -e is *seker* in die betekenis doeltreffend, onfeilbaar b.v. 'n *seker* middel; dis al te veel 'n *seker* saak.

Enkele met die betekenis van 'n paar soos in *enkele* gevalle; *enkele* opmerkinge, moet als geijk beskou word. Suiwer Afr. is 'n *enkele* (*inkele*) een, 'n *inkelloop*-geweer.

Dubbel is onvas, hoewel die vorm met -e gebruikliker skijn te wees b.v. 'n *dubbele* nommer; 'n *dubbele* voor; 'n *dubbele* deur (van 'n eier); daarnaas ook *dubbel* werk; 'n *dubbelloop*-geweer. Dis mischien nie meer uit te maak-of in die verboë *dubbele* 'n ontwikkeling van *dubbelde* te sien is nie.

O p m. 2. *Ander* moet steeds onverboë geskrywe word. Die woord word dikwels verkeerdlik verbuig na of voor *ander* bnw.

wat 'n *-e* moet hê : *andere* verwante liggame moet wees *ander* verwante liggame ; „vele *andere* en grotere dele van die wêreld” moet wees „vele *ander* en groter dele van de wêreld.” Die skrywer het *andere* hier waarskynlik gestel onder invloed van *vele* ; als hij *baing* gebruik het in plaas van *vele* sou hij *ander* reg geskrywe het. Die vorm *andere* ontstaan dikwels ook onder invloed van Nederlands. Dieselfde geld van *besonder* wat meestal verboë voorkom ; onder *besondere* omstandighede ; die *besondere* waarde van sijn boek ; in *besondere* gevalle. Sodanige gebruik opgevat als geijkte wendinge het reg van bestaan.

Ieder verbuig graag : *iedere* mens het sijn foute ; *iedere* (elke) huis het sijn kruis ; *iedere* keer naas *ieder* keer ; maar *iedereen*. Vgl. *enige* huis, maar *enig* iets, *enig* iemand.

O p m. 3. Onverboë is woorde als *welkom*, *tamaai*, *halfwas*, *halfsligt*, *goedkoop*, ens.

O p m. 4. Onverboë blij vreemde of basterdwoorde (gewoonlik tweelettergrepig) met klemtoon op die laaste lettergreep : 'n *presies* vrouw ; mijn *privaat* sake ; 'n *profaan* uitdrukking ; *kontant* geld. *Komiek* is onvas.

O p m. 5. Vreemde woorde op *-abel* verbuig in die reël : 'n *miserabelle* toestand, 'n *respektabele* man, ens.

O p m. 6. Vreemde woorde soos *konfidensieel*, *konfidensiële* ; *industriëel*, *industriële* gaan uit op *-eel* en vorm dus geen uitsondering op die grondreël nie.

(5) Bnw. wat in die gewone spraakgebruik onveranderd blij kan onder sterk nadruk of in cordragtlike betekenis verbuig word. Voorb. : 'n *Kwaai* bul maar 'n *kwaai* duiwel ; 'n *swart* kat maar 'n *swarte* tater ; 'n *skoon* bord maar 'n *skone* geleentheid ; 'n *lui* man maar 'n *luie* vabond ; 'n *groot* stad maar 'n *grote* begerte ; die *arm* mense maar 'n *arme* sondaar, die *arme* blanke ; 'n *rijk* boer maar die *rijke* lewe (rijk aan lewensverskijnsels) ; 'n *rijk* maatskappij (finansieel sterk) maar die *rijke* maatskappij (rijk aan lewensuiting) ; *stom* figure (op die toneel) maar 'n *stomme* (beklagenswaardige) kind ; 'n *trouw* perd maar 'n *trouwe* vriend ; 'n *heet* perd maar op *hete* daad ; 'n *blank* vel maar *blanke* vrouwe (in teenstelling tot gekleurd) ; 'n *swak* kind maar julle *swakke* en bereidwillige dienaar ; 'n *duur* prijs maar mijn *dure* plig ; 'n *kort* stok maar binne *korte* tijd ; 'n *vol* beker maar in *volle* vertrouwe ; 'n *steeks* perd maar 'n *steekse* grap.

Veral in vaste uitdrukkinge kom die oordragtlike

betekenis voor : *die grote meerderheid* (waarnaas ook *die groot meerderheid*); *in grote mate*; *op grote skaal*; *die grote gros*; *vrije liefde*; *die oue waarheid*; *die oue paaië bewandel*; *die verre toekoms* (daarenteë 'n *ver end*); Vgl. verder *in elk geval*; *in ieder geval*; *in besondere mate*; *tot op sekere hoogte*, *met gezond verstand*, ens.

§43. Op gebied van die poësie word die bnw. terwille van die ritme stiefmoederlik behandel. Die digterlike vrijheid het hom hier steeds gehandhaaf. Dikwels word die moeilikheid voorkom deur samestelling van twee eenlettergrepige bnw. waar die enkelwoord sou moet verbaig geword het, 'n gebruik wat egter die konsepsie sou benadeel als dit nie natuurlik is nie. Maar dit sou seker verkeerd wees om ons digters hier aan bande te lê.

§44. Sommige bnw. word uitsluitend of meestal predikatief gebruik, b.v. *jammer*. gewoonlik in verbinding met *is*, *was* maar tog ook : 'n *jammer* hart. Uitsluitend predikatief : *berishelik*, *bestand*, *bevrees*, *bijsiende*, *boeglam*, *boomskraap*, *deelagtig*, *doenlik*, *gedagtig*, *geheer*, *geneig*, *gesind*, *gevat*, *haaks*, *kinds*, *kaduks*, *kapot*, *kwijt*, *verkieklik*, *wenselik*, ens.

§45. Uitsluitend attributief (1) stoffelike bnw. : 'n *lakense broek*, (2) volgende : *Atlantiese*, *huidige*, *beëdigde*, *ettelike*, *ganse*, *geruime*, *boonste*, *binnenste*, *onderste*, *voorste*, ens.

OEFENING.

§46. Beoordeel die juistheid van die vorm van die bnw. wat tussen hakies staan : (blouw) oë; 'n (geel) slang; 'n (donkerbruin) perd; 'n (vaal) rand; 'n (vol) beker; 'n (skimme!) perd; 'n (leeg) darn; ons (vroom) voorouers; (dom) mense; 'n (mak) dier; 'n (snaaks) drag; dis vanaand (vol)maan; 'n (opmerklik) feit; 'n (vals) sleutel; (seer) oë; 'n (hels) lawaai; 'n (beproof) middel; 'n (gemessel) muur; van (blijwend) belang; 'n (belangrijk) verskijsel; 'n (gesellig) partij; die (rooi) blomme; 'n (wit) kol; (glad) boordjies; 'n (geslijp) mes; (half) werk; 'n (skurf) rand; (ongedam) water; 'n (bont) rok; 'n (rond) tafel; 'n (kort) stok; na 'n (kort) bespreking; (wild) bessies; (gebrei) kouse; (geskei) vriende; 'n (gesond) eetlus; 'n (gelaai) wa; (sterk) rieme; (trouw) vriende; 'n (ou) gewoonte; die (Ou) Testament; 'n (kou) atmosfeer;

'n (verlangend) vriend; 'n (onweerlegbaar) bewijs; 'n (ordentelik) vrouw; 'n (onmisbaar) voorreg; 'n (opreg) hart; 'n (warm) handdruk; met (warm) belangstelling; 'n (indrukwekkend) toneel; ons (groot) manne; (klein) nasies; 'n (klein) hondje; 'n (klein) vergissing; (ondragelik) leed; 'n (onherroepelik) daad; (innig) smart; met (diep) leedwese; (smartelik) verlies; 'n (hoogstaand) karakter; die (dapper) bende; 'n (blij) vooruitsig; 'n (vrolik) geselskap; 'n (vriendelik) woord; 'n (weemoedig) lied; 'n (hemeltergend) onreg; 'n (noodlottig) ramp; 'n (noodsaaklik) kwaad; onder (seker) omstandighede; die (swaar) vrag; 'n (swaar) pijn; 'n (rijk) gees; 'n (arm) sukkelaar; 'n (groots) gesig; 'n (groot) opoffering; in (diep) vernedering; 'n (waar) verhaal; 'n (daar) verpligting; hij het 'n (bitter) spijt; na (donker) dae kom (vrolik) sonskijn; bij (nader) ondersoek; 'n (knap) onderwijser; 'n (sober) uitdrukkingswijse; 'n (slim) kop; (slim) planne; (ruw) weer; (rouw) kos; 'n (heg) gebou; (eg) beskawing; 'n (nuttig) lewe; 'n (swart) os; die (swart) gevaar; (troebel) water; 'n (kort) preek; die (kort) inhoud van die (aantreklik) boek; uit (vrij) genade; uit (vrij) verkiesing; Gods (groot) liefde; 'n (verag) skepsel; 'n (lieflik) beeld; 'n (nugter) opvatting; 'n (wakker) kêrel; 'n (sukkelend) bestaan; 'n (vroom) wens; in (blind) vaart; (blink) plekke; 'n (lang) en (nuttig) lewe; 'n (duidelik) doel; (blond) hare; die (stoer) voortrekkers; 'n (fier) houding; (ander) nuttige dinge; alle (nder) beskouwinge; daar is nog (ander) en (groter) wêrelde; met 'n (asvaal) gesig; 'n (swartbont) koei; 'n (bont) verskeidenheid; dis (blouw) Maandag; 'n (ligblouw) tabberd; na (hard) stryd en (taai) volharding; 'n (soet) kind; (soet) herinneringe.

TRAPPE VAN VERGELIJKING.

§47. Persone en dinge kan met mekaar vergelyk word ten opsigte van hulle eienskappe of handelinge op verskillende maniere, b.v. : *Jan is net so oud als ek. Ons twee is ewe groot. Hulle doen die werk ewe goed. Die een is nie so tevrede soos die ander nie. Hij is so goed soos goud. Hierdie rand is presies so hoog soos daardie een. Hendrik skryfwe mooier als I) Koos. Bettie is die verstandigste van almaal. Het jij ooit iets mooiers gesien?*

Gewoonlik word die verskillende trappe van vergelyking deur vormverandering van mekaar onderskei. So-danige onderskeiding geld veral van bnw. en bw. maar ook van ander woordsoorte b.v. snw. : *ouste.* 2) Die vergrotende trap word gevorm deur *-(d)er*, en die oortreffende deur *-ste* agter die grondwoord (die vorm van die stellende trap) te voeg : *groot- groter- grootste; dwaas-dwaser- dwaasste.* Die vergrotende trap van *na* en woorde op *-r* neem *-der*.

Voorb. : *Mijn buurman het die mooiste appels op die merk gehad. Hierdie meel is growwer als daardie. In vroeër dae. Ek wil niks beters hê nie. Die kind is die slimste leerling op skool. Die beste is dat jij self gaan. Hij is 'n opperste vabond Die laaste sal die eerste wees. Als meerdere kom, moet mindere wijk. Dié bad is die naaste. Bij nader onderzoek. Hij staan nou veel vrjier teenoor sijn onderwerp. Hij het langste weggeblij. Mijn lemoen is suurder als jouwe. In die meeste gevalle. Ons was eerste bo. Hij het sijn bes gedaan. Jan het vinnigste gehardloob. Die wijsste hond wat ek gesien het. Lie-wer bang Jan als dooi Jan. Hierdie touw was losste*

1) Oor *als* of *dan* na vergrotende trap kijk bl. 102.

2) Enige bnw. kan natuurlik als snw. voorkom, maar *ouste* kan alleen snw. wees, hoewel dit, geskiedkundig beskou, eers 'n selfstandig gebruikte bnw. was. Ook onbepaalde telwoorde het trappe van vergelyking : *min, veel.*

geknoob. Die twee damme is ewe die h. Daar waar die klip val is die per als hier. Die die p s t e kloof van die berg. Nou sbeel hij o b sijn beste.

O p m. 1. Onreëlmatic is :

goed — beter — bes(te); veel of baing — meer — mees(te); —eerder — eerste.

Eer die grondwoord van eerder kom alleen nog als voegwoord voor.

O p m. 2. Die vergrotende trap van kwaad is kwater, vgl. : Hoe later, hoe kwater. Maar in plaas daarvan hoor jij dikwels kwaai (gevorm van kwaai wat 'n blijwende eienskap uitdruk en nie meer 'n voorbijgaande stemming soos k w a a d nie.). Die vergrotende trap van nuwt is nuwer en nuwter.

§48. Die vergrotende en oortreffende trappe kan gevorm word deur omskriwing met *meer, mees(te); minder, minste* b.v. : *Ek is minder gelukkig hier als thuis. Nou is ons meer tevrede. Die mees gepaste uitdrukking. Ons was minste tevrede met sijn leiderskap. Die kinders was meeste in hul skik met die eerste onderwyser.*

Omskriwing met *meer* is veel gewoner als met *mees(te)*. *Meer, mees(te)* is noodsaaklik om die trappe uit te druk van woorde op -e: *tevrede, bewoë, verleë, onbesproke, onverskrokke, ens.*

§49. Die oortreffende trap hoef nie altijd die hoogste graad van 'n eienskap vergelykenderwijs aan te gee nie; dit wijs dikwels net 'n hoë graad aan in absolute sin b.v. : *Die man is uiters versigtig. 'n Allerbeminlikste persoon. Dit was allermyns mijn bedoeling. Die saak is allerbelangrijks. Ek voel mij ten hoogste vereerd. Die huis is hoogstens dertien voet lang. Die meisie is hoogs ongelukkig. Hij wil liefs alleen wees. Die stoel is minstens 'n paar pond werd. Hij sal ten minste 'n paar maal moet gaan.*

Eweneens in absolute sin kom die oortreffende trap voor in verbinding met *op pl. bes. vnw.* b.v. : *Die pijn is o p sijn ergste. Die perde loob o b hul hardste. Die nood is o p sijn hoosste. Vandaag is die kinders o p hul blesierigste.*

Verder verskijn die oortreffende trap in samestellinge : *onderstebo, agterstevoor, laaslede, jonglede, eersgenoemde, laasgenoemde, opberbes, (vir sijn) beswil,*

naasbestaande, naastenbij, vereers, verlaas, naasaan, naasvoor, hotnaasvoor, hotnaasigter, ens. Ook die vergrotende trap: meerderheid, meerderjarig, minderheid, minderjarig, Opperwese.

O p m. Die oortreffende trap kan sonder of met die lidwoord verskijn: *die pad is hier breedste. Hij loop meeste sonder hoed. Hij praat die hardste van almaal. Wie laaste lag, lag lekkerste.*

§50. Uit die absolute gebruik van die oortreffende trap blijk dat die vorm wat gewoonlik die hoogste graad uitdruk, dit nie altijd hoef te doen nie; iets wat ook van toepassing is op die vorm van die vergrotende trap. Hier volg nog ander voorbeelde: *Vroeër daë het hulle daar niks van geweet nie. Die enigste oilam. Die einste man.*

Omgekeerd kan 'n hoër graad uitgedruk word sonder verandering in vorm: *Jouw hoed kos nie so duur soos mijne nie.*

O p m. 1. Dit is nie duidelik hoe die woorde op *-ste* in ondersaande sinne moet beoordeel word nie. Het ons hier te doen met gewone bnw., analogies gevorm, of met bnw. wat 'n hoë graad uitdruk?

Vgl. *Hij behoort 'n afgedankste pak sla te krij. Dis 'n vervloekste skande. So'n vergalgste vent. Dis 'n vervlakste koppigheid.*

O p m. 2. Let op die eenaardige vorme: *anderste(r), lewerste(r)*. Dit laat dink aan die Griekwa se *meer* en *mees* *berste*.

§51. Daar is 'n aantal bnw. (bw.) wat weëns hul betekenis nie trappe van vergelijking kan hê nie, b.v.: *daagliks, huidige, goue, volmaak, perfek, almagtig, vol, leeg, Afrikaans, Amsterdams*, ens.

O p m. Begrippe is betreklik, en sodanige woorde kan in 'n besonder verband wel vergelijking toelaat, b.v.: *Hierdie beker is voller als daardie. Die despoot is almagtig, maar God is almagtiger. Dood* (sonder lewe) ken nie 'n hoër graad nie; tog kan ek sê: *'n dooier* (trager) *mens als hij het ek nog nooit gesien nie.*